OKTOBER 1960

# KOERS

DEEL XXVIII No. 4.

## ONS KULTUURTAAK IN DIE REPUBLIEK.

Na 5e Oktober het die Afrikaner 'n nuwe staatkundige bedeling betree wat sy voltrekking sal vind in 'n Republiek. Dit is 'n gebeurtenis van die grootste betekenis: vir die eerste keer sal die Afrikanerdom in sy wordingsproses van drie eeue as geheel tot 'n eenheid verbind wees in 'n staatsvorm van sy eie, al is dit dan miskien grootliks weens die naam Republiek en onder die eie, vrye, selfgekose staatshoof. Hierdie omstandigheid stel aan die volk 'n groter kultuurtaak en eis dienooreenkomstig 'n groter verantwoordelikheid.

In wat in vooruitsig gestel word, sal die Republiek maar 'n gedeeltelike verwesenliking wees van wat deur die onuitroeibare tradisie as volksideaal gekoester, waarvoor daar ten bloede toe gewerk en tot die dood toe gestry is. Immers: dit word in vooruitsig gestel dat, wat sy vorm betref, die Republiek, binne die Ryksverband, maar 'n aanpassing sal wees by die monargale parlementêre staatsvorm op die fondament van 'n grondwet van vreemde, d.w.s. Britse monargaal-parlementariese herkoms, hoeseer ook in die loop van tyd onder dwang van ons vryheidsbegeerte en vryheidstrewe aangepas. Hierdie beperkinge aanvaar ons as toegewings aan dwingende omstandigheidseise.

Die vernaamste argument van die leidende gesaghebbendste pleitbesorgers vir 'n Republiek is dat die monargaal-parlementaristiese staatsvorm met alles wat dit saamdra en hier te lande verteenwoordig, nie die Afrikaanse en Engelse volksdele tot 'n eenheidsvolk met een strewe en een lojaliteit aan 'n gemeenskaplike vaderland kon saambind nie. Dit is nie alleen 'n verdelende faktor nie, maar een wat selfs verdeel wat by mekaar hoort; nog meer: dit is 'n wedersyds antagonerende faktor. Vir die Afrikanerdom in die posisie van die verowerde het dit beteken dat hy sy eieaard en kultuur alleen kon handhaaf en uitbou teen die magte in van die vreemde en die antagonerende van 'n oneie, uitheemse kultuur. Die oorheersing van hierdie vreemde in sy magsposisie van die openbare lewe, die skool, die ekonomiese struktuur en die staatsordening het onvermydelik tot gevolg gehad:

(1) dat 'n groot deel van die volkskrag wat vir positiewe kultuurbou noodsaaklik is, aangewend moes word in blote negatiewe verweer of afweer vir selfbehoud en behoud van die eie;

(2) dat 'n groot deel van ons kultuurkrag tot steriele non-aktiwiteit gedwing is in die proses van toegewing aan opgedronge beïnvloedingsmagte gerig op 'n ander lewensideaal en ander lewensvorm as ons eie;

(3) dat ons 'n groot deel van ons kultuurkrag aanbestee het in die proses van noodgedwonge assimilering van die vreemde, in so 'n mate dat ons lewensvorm en lewensgerigtheid en daarom onvermydelik ons kultuur die onmiskenbare stempel dra van „British Made". Feitlik alleen in sover ons ons bewustelik, berekend en verwerend daarop ingestel het, het ons eieaardlike kultuurgoedere kon skep. Ons kultuur het dus grootliks gegroei uit die inspirasie van die verset en die afweer, van die bewuste en berekende beskerming, uit die inspirasie van die antagonisme en die antitese. Waar ons dus enersyds nageaap en onverteerde kultuurgoed uit die vreemde oorgeneem of tot ons voordeel geassimileer het, het ons andersyds ook veel tot ons nadeel uit oorweging van selfbehoud en uit selfrespek, maar ook dikwels chauvinisties, gaan afweer en selfs aktief beveg. Dit was in die besondere kultuurkompleks onvermydelik — dit was nodig en daarom geregverdig. Maar dit alles het tog by ons 'n kultuurgespletenheid bewerkstellig wat verlammend ingewerk het op die eie bouwerk en vrye, spontane skepping. Alles in geheel-perspektief gesien, was die Afrikaner ook t.o.v. sy kultuurbou en -skepping nóg onvry weens die gevolglike lewens- en kultuurgespletenheid.

In die belangrikste periode van nasionale bewuswording en konsolidering was die Afrikaner dus volksgeestelik en kultureel onvry in 'n betreklik vreemde gemeenskapsordening en oneie partypolitieke staatsklimaat.

In die toestand het hy uit oorweginge van sy historiese herkoms, sy geloofsverband en sy geestelike en kulturele agtergrond, die bande probeer versterk met die Nederlandse kultuurbron, wat histories en maatskaplik sowel as geografies en reeds in 'n groot mate volksaardelik verder van hom af gestaan en vreemder vir hom geword het as die Angelsaksiese kultuur soos dit in ons land vervorm en aangepas is, en hier aktief voortbestaan onder veel direkter aanstuwing vanuit die Britse kultuurbron self, gerugsteun deur die Amerikaanse, binne ons daelikse bereik gestel en heel regstreeks deur gesagskanale, openbare instellinge, gemeenskapsordening en ekonomiese struktuur met sy buitelandse ingeskakeldheid aan ons opgedwing is en oorgedra word.

Namate ons ook kultuurbewus geword het, het ons dieselfde metode gaan volg tot behoud en tot handhawing en uitbouing van wat 'n noodwendige deel van ons volksbestaan is, as in ons taalstryd en politieke stryd, nl. die bewuste en berekende daarstelling van 'n kultuurorganisasie. Ondanks die vele en die wonderlike wat hierdie organisasie bereik het deur koördinering van ons kultuurkragte en -aktiwiteite aan alle

fronte en deur kanalisering van ons strewingsverskeidenheid op een doel af, het dit tog m.i. in sy vernaamste en belangrikste taak nog nie bevredigend geslaag nie, nl. om ons volk waarlik **kultuurbewus** te maak — dis iets heel anders as **nasiebewus, partybewus,** as **sport-** en **vermaakbewus** — die volk op te voed tot kultuurwaardering en kultuurbelewing in al die vorme waarin die dinamiese kultuurskepping sy beslag kry.

Kultuur is in al sy vorme, deur watter gestalte van sy sedes en gewoontes, tradisie, geestelike of materiële media ook al, die geestessaad wat ryp uit die groeiing en bloei van die volk se geesteslewe en skeppende en omskeppende geestesaktiwiteit. Die saad moet altyd weer in die groeibodem van die opkomende en opvolgende geslagte teruggesaai word om nuwe lewe te wek, nuwe saad voort te bring en opnuut weer gedyend te verryk. Só is die eënende en verrykende kringloop van die kultuurlewe.

Afgelei uit hierdie agtergrond sien ek ons kultuurtaak in die Republiek soos volg:

(1) Op die akker van ons Volksbestaan sal ons die oordeel wat opgesluit lê in die Skrifwoord: „In die sweet van jou aanskyn sal jy jou brood eet" deur troue oorgegewenheid aan ons roeping en taak in en deur die arbeid moet omkeer tot die seëninge wat God ook in Sy Wysheid en deur Sy Genade in dieselfde Skrifwoord ingesluit het. Dit is vir my ons grootste taak: Werk en Bid. Ons sal ons Volk sy Republikeinse Vryheid moet laat los werk, hom leer werk, laat aanhou werk, self, deur eie krag. Die ware arbeid is die enigste waarborg vir die selfstandigheid, vir die veiligheid, vir die vryheid. Ons moet al ons arbeidskragte van hand en hoof en hart loswoel vir ons taakvervulling.

Ons jeug moet 'n strewende, arbeidende en dienende jeug word. Op alle terreine, aan alle fronte moet elke burger en burgeres van die Republiek elke dag sy volle taak verrig — en goed verrig! Ons spierkrag, ons denkkrag, ons skeppingskrag moet georganiseer, gedissiplineer en op die mees ekonomiese wyse aangewend word. Reeds dít kan ons Carlyle uit die literêre kultuurskat van ons Engelse mede-republikeine verrykend nasê: „There is a perennial nobleness and even sacredness in work . . . . in idleness alone is there perpetual despair . . . . Blessed is he who has found his work: let him ask no other blessedness . . . . All true work is Religion. All true work is sacred; in all true work, were it but true hand-labour, there is something of divineness. Labour, wide as the Earth, has its summit in Heaven. Sweat of the brow, and up from that to sweat of the brain, sweat of the heart . . . . up to that "Agony of bloody sweat," the noblest thing yet discovered under God's sky." Hierdie arbeidsevangelie moet ons verkondig, hierdie arbeidsdrang moet ons bewerkstellig vir ons kultuurbou in die vryheid wat die Republiek vir ons belowe. Geen groot kultuur het nog ooit tot stand gekom, sonder dat die volk met al sy arbeidskrag, al sy ondernemingsgees en skeppende vernuf in die ekonomiese struktuur van sy land aktief ver-

weef is nie. Die Afrikaner moet in die Republiek sy strewe op hierdie terrein met alle mag doelbewus en doelgerig voortsit — daar is baie te verower, baie te onderneem en ontsaglik veel om te bou. Ons staan nog maar aan die rand van hierdie terrein, aan die begin van 'n periode wat onvoorspelbare moontlikhede bied.

(2) Wegwerking van ons innerlike en nasionale gespletenheid deur konsolidering van die versplinterde Afrikanerdom in 'n eenheidstrewe vir behoud van die Christelik-Westerse lewensaard en lewenstyl binne die band van republikeinse vryheid met volle eerbiediging van noodsaaklike, bouende verskeidenheid. Dit vereis handhawing en kultivering van die eie, wat versterk en verryk moet word uit die bronne van ons eie geestesskat, en aangevul, verryk uit die bronne wat die wêreld weens ons huidige ingeskakeldheid en kontakte ons bied. Ons sal moet aanneem, oorneem en assimileer, omdat ons die invloede nie kan ontwyk nie — ons sal net wakend moet keur en verwerk wat ons eie kan uitbou. So kan ons deur die arbeid ons kultuur in ons Afrikaanse gemeenskapspatroon, ons ekonomiese struktuur, ons nywerheidstegniek, ons wetenskap en kuns uitbou en opbou tot die hoogste nasionale vlak en tot die vlak van die universeel-menslike, om so ook ons taak teenoor die wêreld in ons geroepenheid te volbring.

(3) Bewerkstelliging van 'n wedersydse akkulturasie tussen Afrikaanstalige en Engelstalige volksdele in die eerste plek (by die eersgenoemde ingesluit die kleurlingbevolking met Afrikaans as hul moedertaal), maar ook sover dit toelaatbaar en moontlik is, tussen hierdie twee en die Bantoe op die grondslag van 'n gemeenskaplike lojaliteit en trou, tot verstewiging van die nuutgevonde vryheid en die uitbouing van 'n staatstruktuur en samelewingsordening tot voldoening aan die lewens- en geesteseise van 'n veelrassige bevolking in gehoorsaamheid aan die beginsels van Protestants-Christelike regverdigheid en geregtigheid. Ons sal bo-al moet waak teen groepmatige selfgeregtigheid en selfverheffing. Dit sal op al die volkselemente en bevolkingsdele die swaar taak lê om die historiese antagonisme te onderwerp aan die gemeenskaplike vaderlandsbelang en mensheidsbelang: om tot 'n nuutgevonde besef en gesindheid van hart te kom dat God tog die Alwyse Beskikker en Beplanner is van die vestiging en lotgevalle van albei volksdele en bevolkingselemente in hierdie n u w e Republiek, met een en dieselfde geroepenheid tot 'n gemeenskaplike taak in 'n gemeenskaplike bestemming.

Ek twyfel nie daaraan dat met beoefening van die voormelde fundamentele beginsels, gewy aan ons gemeenskaplike drievoudige taak, d.i. ons vaderlandstaak, ons Afrikataak en ons wêreldtaak, ons in ons nuwe vryheid die geskiedenis van ons gesamentlike verlede met al sy stryd en troewels, al sy leed en bitterheid maar ook met al sy onnoemelike seëninge, in 'n ander perspektief sal gaan sien in 'n ander gesindheid en met die geloofsoortuiging dat die geskiedenis voor ons ontvou as die openbaring van die plan wat God

het met hierdie Suiderland, met „donker Afrika" en met hierdie volk van Calvinisties-Nederlandse, Calvinisties-Franse, van Protestants-Duitse en Protestants-Engelse herkoms.

In die proses van wedersydse akkulturasie sedert 1806 het ons reeds ontsaglik veel van die Engelse kultuur oorgeneem — ek glo oneindig meer goed en voordelig as kwaad en nadelig. En die Angelsaksiese kultuur, so gedrenk met die beste uit die klassieke en ander ou kulture, so deurdrenk met die beste wat die Europese lande gelewer het en nog lewer, is vir ons gemeenskaplik 'n onuitputlike verrykingsbron. En die geesteskrag om dit te verwerk, te assimileer, „verrepublikeins", dié geesteskrag het ons en sal ons tot wonderlike hoogtes kan opvoer. Ons moet in ons nuwe vryheid nie meer in vreesbevange afweer of isolasie staan teenoor die gees tesmag en kultuurverband waarin ons eie geskiedenis ons ingeskakel het nie. Ons moet dit aanvaar as materiaal waarmee ons kan en moet en sal bou aan ons eie kultuur. Vrees en haat kan geen kultuur bou nie, selfgeregtigheid kan dit geen ewigheidswaarde verleen nie. Hierby staan die Engelse bevolkingsdeel tog reeds nie so ver van ons af nie. Ons bewoon vir anderhalf eeu 'n gemeenskaplike vaderland, deel 'n gemeenskaplike lewenslot, het 'n gemeenskaplike toekoms, is verweef in dieselfde ekonomiese en staatstruktuur. Dieselfde magte van bodem en klimaat, van lewensomstandighede en -behoeftes wat óns voorouers vervorm en hulle nageslagte gevorm het tot 'n Afrikaanse menstipe, is ook onafwendbaar in en by en op hulle werksaam. Daar is verskille, maar dit moet veeleer wedersyds gesien word as wedersyds bevrugtende verskeidenheid. Die Engelse bevolkingsdeel is reeds ver op die pad van die Republiek.

En waar deur die Republiek die meer uitwendige, vormelike verskilmagte verwyder word, sal ook die gespletenheid in hulle lojaliteit verdwyn, sal nouer en spoediger aansluiting vergemaklik word, sal onderwerping aan die eise van bodem en samelewingstruktuur geredeliker geskied en sal oorgegewenheid aan ons gemeenskaplike drievoudige taak gaandeweg toeneem en versterk word. Dubbeltaligheid, dit bewys die historie, behoort geen beletsel te wees nie.

(4) Omdat ons in ons nuwe vryheid met ons nuwe eenheid in groter selfvertroue sal lewe en werk, sal ons ook vryer, opener en selfstandiger, maar ook verantwoordeliker staan teenoor invloede wat van buite af op ons inwerk en waarmee ons moet rekening hou. Ek dink aan onafwendbare invloede van belendende state, van die ganse Afrika, aan invloede van Europa, Amerika, Asië selfs, ja van die ganse wêreld deur versnellende en toenemende verkeer, deur die pers en die rolfilm, deur boek en gesproke woord van die radio en uiteindelik die gesigsbeeld van die beeldradio; aan studieskakels van ons studente en uitruil- of besoekende geleerdes, aan kontakte op die internasionale vlak van wetenskap-wisselwerking en samewerking. Ons moet die taak aanvaar om hierdie invloede keurend tegemoet te tree in afweer of in bouende en verrykende assimilasie. Ons sal veral dag en nag moet waak teen

blote na-doenery, teen onoordeelkundige navolging van die vreemde net omdat dit „iets nuuts en iets anders is" — ek dink veral aan ons onderwys, ons vermaaklikheidslewe en ons s o s i a l e aktiwiteite.

Ons Jeug en ons vermoëns moet aan alle fronte van ons veelvormige volkslewe tot die taak opgeroep en vir die taak gemobiliseer word. Die Republiek lê, ook in sy wêreldverband, op ons die verantwoordelikheid. Ons sal ons die Vryheid wêrd moet maak in ons geroepenheid tot die grootste en magtige taakvervulling waarvoor God ons in die land bestem het.

Hy het ons gelei in die verlede — dikwels anders as wat ons dit bereken het of as ons dit wou. Hy sal ons voorlig in die toekoms. Ons moet net trou en toegewyd wees in ons arbeid, onwrikbaar in ons geloof, opreg in ons aanbidding.

F. J. LABUSCHAGNE.

P.U. vir C.H.O.